

Spog saam in MODIEUSE KILTS

handwerk

**Maak vir jou en jou
kleinding elk 'n
Skotse rompie uit
dié enkele
patroon. Deur Riana
van der Merwe**



foto PIERRE VAN DEN BOSCH; hare en gifmeiring FABIENNE ZADEL; modelle KARIN van STEED's, ELSMARIE van NEXT

ALGEMEEN

- * Die groot kilt pas 'n heupmaat van 83 tot 102 cm. Die klein kilt kan vir enige grootte gemaak word: Sien diagram, tabel en aanwysings.
- * Werk rafelrande met 'n omkapmasjien of sigsagsteek van 'n naaimasjien af.
- * Gebruik deurgaans bypassende masjiengare.
- * Pars kledingstuk gereeld soos jy vorder.
- * Die groter kilt se plooië is só gefatsoeneer dat dit glad oor die middel en heupe sal pas. Die oorvoudele aan die voorkant het elk 2 pylinate.
- * Die klein kilt se plooië is nie gefatsoeneer nie en het 'n rek wat die rompie effens intrek om die middel.

AFKORTINGS

AP - agterpant; MA - middel agter; MV - middel voor; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; VP - voorpant.

GROOT KILT JY BENODIG

Skots-geruite materiaal: Kyk op tabel vir breedte van strook, knip strook verlangde lengte van romp plus soom- en naattoelating en las stroke sodat regte breedte verkry word; 2 knope; koperspeld.

MAAK SÓ

1. Knip genoeg stroke materiaal om breedte vir jou grootte te kry. Knip stroke so lank as wat jy die romp wil hê, plus soom- en naattoelating. Stik stroke aan mekaar. Knip band van 10 cm breed: Bepaal lengte volgens tabel.
2. Werk kort linkersy van strook met smal soompie af. Om rafelstrook aan regterkant te maak, lê strook met kort regtersy voor jou neer, RK na onder. Vou 'n strook van 4 cm na VK om. Vou 2 cm van strook weer om sodat 2 cm daarvan aan RK onder vou uitsteek. Stik vou op RK met sigsagstiksel vas en rafel strokie wat uitsteek tot teen vou uit.
3. Werk soom in lang sy. Merk pylinate en plooië volgens skets. Kyk op tabel vir regte hoeveelheid plooië. Merk bokant van plooië (die nou deel) met knippies aan bokant van stroke. Merk onderkant van plooië met spelde in soom.
4. Vou plooië en steek vas. Stik boonste, skuins deel van plooië stewig vas en ryg onderste deel tot by soom. Stik pylinate.
5. Pars plooië in tot by soom. Stik plooië tot heuphoogte met bo-opstiksels. Trek rygsdrade uit.
6. Werk band by middel vas. Werk knope aan verkeerde kant vas en maak knoopsgate in onderste deel van band. Steek oorvoudele met groot koperspeld vas.

KLEIN KILT

JY BENODIG

Skots-geruite materiaal - bereken só hoeveelheid: Neem heupmaat en verlangde lengte van romp. Voeg sowat 5 cm by lengte. Vermenigvuldig heupmaat met 2 en tel nog twee derdes van heupmaat by. Reken naattoelatings by. Sorg dat jy genoeg materiaal het om só 'n strook te maak deur breedtestroke te las.



2 knope; koperspeld.

MAAK SÓ

1. Knip strook materiaal en las indien nodig om breë strook te maak soos verduidelik. Merk 'n derde van heupmaat op punte af soos op skets.
2. Volg stap 1 en 2 soos vir groot kilt.
3. Werk soom in lang sy.
4. Vou plooië volgens tabel en skets: Merk aan bokant met knippies en op soom met spelde. Stik plooië met rygsels van bo na onder vas. Pars plooië oop.
5. Werk band by middel vas, ryg rek deur en stik by punte van band vas.
6. Steek vas met koperspeld.

Heup (cm)	Hoeveel plooië	Strook-breedte (cm)	Materiaal (verlangde lengte*)		Band
			115 cm	150 cm	
83	19	220	2 x * + 15 cm	2 x *	97 cm
85	21	235	3 x *	2 x *	100 cm
88	23	250	3 x *	2 x *	103 cm
92	25	265	3 x *	2 x *	106 cm
97	27	280	3 x * + 15 cm	2 x * + 15 cm	110 cm
102	32	317	3 x * + 15 cm	3 x *	115 cm

GROOT KILT



KLEIN KILT

